Tel: 053 0505 986
Sel: 072 140 8634
E-pos: admin@jakkies.com
sport@jakkies.com
skoolhoof@jakkies.com

JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

Piet Retiefstraat
Posbus 107
Jacobsdal
8710

NUUSBRIEF: 23 (26 Jul – 2 Aug 2024)

SPORT

RUGBYTOER
Sterkte aan die spelers wat vandag vertrek op die rugbytoer na Karel Theron in Middelburg, Oos-Kaap. Hierdie leerders verdaag om 11:40 en die bus vertrek om 12:00 vanaf die skool.
Weet julle sal Jakkies se naam hoog hou.

LANDLOOP
Sterkte aan die atlete wat vandag, 26 Julie, aan Landloop Liga 7 in Bloemfontein gaan deelneem.

TENNIS
Neem asseblief kennis dat daar op Dinsdag, 30 Julie en Donderdag, 1 Augustus 2024 tenniswedstryde plaasvind:
30 Julie – Newton WEG
1 Augustus – Hartswater WEG
Spanne, tye en vervoerreëlings sal op die tennisgroep deurgestuur word.

SKAAK
Die Jakkiesrangleerkompetisie vind plaas op Dinsdag, 30 Julie om 14:00 in juffrou Naomi se klas. Leerders kan net opdaag en lekker kom skaak speel.

SKIET
Baie geluk aan EB Potgieter wat opgeneem is in die Provinsiale baansport kampioenskapspan vir die Vrystaat. Hy gaan op 9-10 Augustus deelneem aan kampioenskappe van SA-Sport- en Jagfederasie in Polokwane.

OUERS

VERGADERINGS
Lede word herinner aan die volgende vergaderings op Maandag, 29 Julie:
- Koshuiskomiteevergadering: 07:45
- Finansiëlekomiteevergadering: 11:00
- Beheerliggaamvergadering: 14:05

GHOLFDAG
Kom ondersteun ons gerus die 3de Augustus tydens ons jaarlikse gholfdag. Vir meer inligting sien ons advertensie.

SKENKING
Baie dankie aan Ricardo Doman se ouma wat lemoene aan die koshuis geskenk het. Dit word opreg waardeer.

INA PAARMAN

Die projek is aan die gang en strek tot en met 5 Augustus. Mikpunt is R100 per leerder. Elke leerder het 5 bestelvorms gekry. Teen 5 Augustus, moet almal se bestelvorms, kontant en bewys van betalings by die klasonderwyser ingehandig wees. Indien ouers kontant stuur, moet die regte bedrag saam met die bestelvorm ingehandig word. Indien EFT betaling gemaak word, moet die bewys van betaling saam met die bestelvorm ingehandig word. Alle EFT betalings word in die Trust se rekening betaal en ***NIE*** in die skool se rekening nie.:

TRUST REKENING: EFT BETALINGS
FNB
Rek.no: 627 9467 8006
Verwysing: IP(kind se naam en graad)
of wat die spasie u toelaat.

Daar is pryse vir die leerders wat die meeste produkte verkoop, asook vir die klas wat die meeste verkoop.

LEERDERS

KOEKIEVERKOPING

Die gr.3's hou Maandag, 29 Julie hulle koekieverkoping. Leerders word aangemoedig om 'n geldjie skool toe te bring om hulle te ondersteun.

MENTAL MATHS

Baie geluk aan die volgende gr.3 leerders wat deur is na die volgende rondte en wie plekke behaal het tydens die kompetisie op 23 Julie:

- 1'ste plek: Edwin Strydom
- 2'de plek: Jabrie Fourie
- 3'de plek: Zarah Faber

Ons is baie trots op julle!

SPELLING BEE & PASSAGE READING

Die kompetisie is uitgestel na Donderdag, 1 Augustus. Baie sterkte aan die drie leerders wat gaan deelneem.
Die bus sal om 09:00 vanaf die skool vertrek na Koffiefontein. Pak asb. genoeg eet- en drinkgoed in. Almal moet volledige skooldrag aanhê. Die leerders wat Passage Reading doen, moet 'n potlood, uitveër en skerpmaker saamneem om begripstoetse te beantwoord.

WOW-SPELKOMPETISIE

Sterkte aan die leerders wat aan die kringkompetisie gaan deelneem op Saterdag, 27 Julie.
Die kompetisie gaan by Landboudal plaasvind. Leerders moet teen 08:30 in die saal wees vir die verwelkoming.

PEKANEUTPROJEK:

Die gr3's gaan op 'n heerlike uitstappie na 'n pekaneutplaas op Dinsdag, 30 Julie vanaf 09:00 tot 12:00. Leerders het vrywaringsvorms vir vervoer ontvang, wat ouers asb. Maandag, 29 Julie moet terugstuur na die klasonderwysers. Leerders sal weer om 12:00 terug wees by die skool.

……..
T.E. MOSTERT
Skoolhoof

GEBEDSLYS:

Lulu (Sterkte met die nuwe uitdaging)

JAKKIES

PIONEER®

GHOLFDAG

3 AUGUSTUS 2024

R400 PER PERSOON	Sluit halfway en steakete in	**R1 600** 4-BAL

FORMAAT: BBS MET SCRAMBLE DRYF

Afslaan 11:00

JACOBSDAL GHOLFKLUB

Moenie prysuitdeling mis nie.

Kontak Ruan 071 880 6309

FOR THE VERY BEST IN QUALITY FOODS
INA PAARMAN
· KITCHEN ·

JAKKIES VERKOOP INA PAARMAN

2024

Beplan jou kruidenierskas die vakansie en plaas jou bestellings by ons Jakkies!

OPVOEDKUNDIGE OPVOEDARTS
JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

19 JULIE TOT 5 AUGUSTUS

Leerstyle EN STUDIE TEGNIEKE

Yolande Botes
Occupational & Neurofeedback Therapist

GR 4 - 12

R550 /KIND

2 Aug 2024
14h00 -17h00
Jacobsdal

Study smarter and not harder

Bespreek jou plek nou

MEER INFO/BESPREKING
Yolande
082 872 9494

Beperkte plek beskikbaar

Save The Date 24 AUGUST

MANNE DAG

24 Augustus 2024
10:00 - 14:00
MERCY & GRACE JACOBSDAL
KAARTJIES :0617224897
MANS R120, SEUNS 0/13 R60
SLUIT STEAK ETE IN

WOORD &LEWE
laat U koninkryk kom!

Mercy & Grace
44a LUBBESTRAAT

Ephesians 6:10 AMPC
In conclusion, be strong in the Lord [be empowered through your union with Him]; draw your strength from Him [that strength which His boundless might provides].

"This is how I fight my Battles"

GASSPREKER
JOHAN ELS
STERKMAN VIR JESUS

Esther
Into the presence of the King

DAMES OGGEND
24 AUGUSTUS 2024
9:30 VIR 10:00
R120P/P
WOORD & LEWE
JACOBSDAL

NAVRAE: WILMA
061 722 4897

Jacobine
For the love of parfum...